

**Skriflesing:** Mattheus 22:1-14

Teks: **Mattheus 22: 5-6**

**Sing: Sb 31:1,2 (7-1:1,2); Ps. 1:1; Ps. 107:1,3; Ps. 45:1,9,16**

**Mat 22:1** En Jesus het weer deur gelykenisse met hulle begin spreek en gesê:

**Mat 22:2** Die koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun berei het

**Mat 22:3** en sy diensknegte uitgestuur het om die genooïdes na die bruilof te roep, en hulle wou nie kom nie.

**Mat 22:4** Weer het hy ander diensknegte uitgestuur met die boodskap: Sê vir die genooïdes: Kyk, my maaltyd het ek berei, my beeste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Kom na die bruilof.

**Mat 22:5** Maar hulle het hul daaraan nie gesteur nie en weggegaan, een na sy eie stuk land en 'n ander na sy handelsaak.

**Mat 22:6** En die origes het sy diensknegte gegryp en mishandel en doodgemaak.

**Mat 22:7** Toe die koning dit hoor, het hy kwaad geword en sy manskappe gestuur en daardie moordenaars omgebring en hulle stad aan die brand gestee.

**Mat 22:8** Daarop sê hy vir sy diensknegte: Die bruilof is wel gereed, maar die genooïdes was dit nie werd nie.

**Mat 22:9** Gaan dan op die kruispaaie en nooi almal wat julle mag vind, na die bruilof.

**Mat 22:10** En daardie diensknegte het uitgegaan op die paaie en almal versamel wat hulle gevind het, slegtes sowel as goeies, en die bruilofsaal het vol gaste geword.

**Mat 22:11** En toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie 'n bruilofskleed aan het nie.

**Mat 22:12** En hy sê vir hom: Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder 'n bruilofskleed aan? En hy kon geen woord sê nie.

**Mat 22:13** Toe sê die koning vir sy dienaars: Bind sy hande en voete, neem hom weg en werp hom in die buitenste duisternis. Daar sal geweens wees en gekners van die tande.

**Mat 22:14** Want baie is geroep, maar min uitverkies.

**Skriflesing:** Mattheus 22:1-14

Teks: **Mattheus 22:**

**Sing: Sb 31:1,2 (7-1:1,2); Ps. 1:1; Ps. 107:1,3; Ps. 45:1,9,16**

Broeder en suster, Vrydag was goeie Vrydag. Die Seun van God is doodgemaak. Hy wat hierdie gelykenis vertel is gedood. Tog het ons Vrydag die gelykenis net voor vandag se gelykenis gelees. Die gelykenis van die huisheer wat sy diensknegte na boere in 'n wingerd stuur wat die boere die wingerd by die huisheer gehuur het. Jesus wys op wat daardie boere met die huisheer se diensknegte gemaak het. Toe hulle na die boere gestuur was om hulle huisheer se deel van die oes wat aan hom behoort op te eis, toe word daardie dienaars geslaan, hulle is gedood. Die huisheer stuur weer slawe, weer dieselfde, hulle maak daardie slawe ook dood. Dan kom die huisheer en Hy stuur sy eie Kind. Broeder en suster, dit is wat hierdie gelykenis hierdie Paasaweek in die midde van alles plaas. Toe die landbouers daardie kind na hulle sien kom toe sê hulle - **38** *Maar toe die landbouers die seun sien, het hulle onder mekaar gesê: Dit is die erfgenaam; kom laat ons hom doodmaak en sy erfdeel in besit neem.* **39** *En hulle het hom geneem en buitekant die wingerd uitgewerp en doodgemaak.*

Pretoria- 20 April 2014 (Paasnaweek- Opstanding)

As Jesus hierdie Dinsdag voor die verskriklike Vrydag die gelykenis vertel, dan sal dit nie 4 dae later wees nie dan gebeur met Jesus presies soos met die kind in die gelykenis. Jesus is doodgemaak. Dit staan buite alle twyfel Jesus vertel hierdie gelykenis met wat Vrydag met Hom sou gebeur. Die laaste week van sy lewe kan ons selfs sê is die laaste gelykenis oor sy dood, maar nou het ons vanoggend hierdie kerk binnegekom met die besef maar die Here lewe, die Here het opgestaan, ons het rede om fees te vier. Daarom ons het rede om aangegryp te wees, selfs net in die volgorde van die Here se gelykenisse daardie laaste week. Daardie laaste week het Jesus by wyse van gelykenisse sy eie dood ingeskryf, maar as Jesus by wyse van gelykenisse ons vanoggend deel van 'n bruilofsmaal wil maak, dan kan ons met vreugde antisipeer Jesus het voor sy dood ons al by feesvreugde wou inlyf. Jesus het sy kinders by sy opstanding ingeskryf. Die opstanding is die mees heuglike gebeurtenis wat daar vir 'n gelowige kan wees wat daar nog ooit in die geskiedenis plaasgevind het.

'n Bruilof is altyd 'n goeie rede vir feesvreugde. 'n Bruilof is 'n geleentheid om na uit te sien. Ons het hier 'n gelykenis van die lewe want Jesus het daardie Sondag reeds gelewe, Hy het uit die dood opgestaan. Tog moet ons nie vergeet waarmee Jesus gekonfronteer staan nie. Die Joodse leiers, hulle wat Hom uitdaag oor Wie Hy nou eintlik is. Hulle wat sy gesag bevraagteken. Nou weet ons hierdie gelykenisse, drie van hulle, waar ons vanoggend by die laaste een stilstaan, laat Jesus die Joodse leiers na hulleself kyk. Hulle wat vir Jesus wil uitdaag het Jesus reeds met die vorige twee gelykenisse aangedui dat die Joodse leiers nie sy gesag aanvaar nie. Met die tweede gelykenis waarby ons Vrydag was, gaan dit oor die intensiteit van die weerstand wat daar teen Jesus was. Hulle sal Hom wil doodmaak.

Wat vanoggend se gelykenis so uitsonderlik maak, wonderlik wat ons hier lees, dat die Here die mens uitnooi, ten spyte van soveel vyandskap om deel te wees van die bruilofsfees. Die gelykenis is weereens duidelik en op die man af. Die koning se seun gaan trou. Daarom wil die koning 'n bruilof reël. Die koning stuur sy slawe uit om die genooies nader te roep toe die fees gereed is. Alles is gereed maar die genooies stel nie belang nie. Hulle ignoreer dit eenvoudig.

So 'n belangrike uitnodiging want besef ons hierdie uitnodiging sinspeel op die Jode. Die Jode het saam met Abraham in God se verbond moes groei, God gee selfs op die vooraand van sy Seun se dood hulle nog weer 'n uitnodigingskaartjie na die bruilof. Wanneer ons van

'n bruilof van God se kant hoor dan besef ons altyd weer die uitsonderlike waarde hiervan, want God se Seun wil die Bruidegom, vir God se bruid, sy Kerk wees.

Nou het vir die Jode die groot dag aangebreek. Die Bruidegom is voor hulle. Hy die Messias oor Wie die Jode al so lankal praat. Hy wat met soveel gesag by die tempel kon optree. Hy het alreeds so baie wonders gedoen. Die wysheid waarmee Hy spreek wat met niemand vergelyk kan word nie... Moet die bruilofsaal dan nou leegstaan. Geliefdes want sien ons ook hoe hierdie gelykenis ook weer aansluit by die seuns waar die een nee sê en ja doen en die ander seun het ja gesê maar nie gedoen nie. Met die gelykenis wat Jesus van die bruilof vertel was dit so dat daar destyds twee uitnodigings tot die gaste gerig was. Die eerste uitnodiging is lank terug reeds gemaak. In die geval van Israel het hulle vir die eerste uitnodiging ja gesê, met die duidelike verbond wat die Here met hulle gesluit het. Toe kom die tweede uitnodiging. Nou is dit waarlik tyd om fees te vier. Die Messias, die Bruidegom is hier, die fees moet begin. En toe gebeur dit, Israel wat aanvanklik ja gesê het, hulle weier om na die bruilof te gaan. Dit is die een verskoning na die ander een. Een het 'n stuk grond, die ander 'n winkel, elkeen kry verskoning om maar net weer met sy eie ding te doen, terwyl die dinge wat werklik saak maak word baie keer nie eers oorweeg nie. Die belangrikste uitnodiging wat daar in die bestaan van Israel ooit kon wees, dié het hulle nie wou aanvaar nie. Alles was gereed, maar hulle vir wie dit alles gereedgemaak is, stel nie belang nie!

Geliefdes op hierdie dag van die Here se opstanding moet ons nie net na Israel kyk, na hulle priesters en tempelhoofde wat hierdie uitnodiging weggewys het nie. Hoe baie mense is daar in en naby waar ons bly en werk, wat nie God se roepstem wil hoor nie. Hulle het geen behoefte aan verlossing nie. In die gelykenis is daar geen begrip van wat hulle besig was om aan te vang nie. Die mens wat nie verlossing wil hê nie, sal ook nie weet waarvan om verlos te moet wees nie. Daar is mos altyd nog weer my eie ding wat ek so graag wil doen.

U sal agterkom dat dit toon die gelykenis ook aan ons. Hoe moeilik dit is om 'n mens wat eers sy eie koers ingeslaan het, net sy eie werkswyse wil volg, hoe moeilik is dit om so iemand om te draai. Daar is selfs in die wyer konteks nog weer dienaars uitgestuur om die mense te roep, maar hulle wou nie. Ja, daar is selfs van hulle wat maak soos die landbouers in die vorige gelykenis. Hulle maak eerder die mense dood wat vir hulle hierdie goeie boodskap, hierdie uitnodiging kom rig het.

Pretoria- 20 April 2014 (Paasnaweek- Opstanding)

Dit wys maar net weer soos ons Vrydag ook al kon sien, hoe daar dwarsdeur die geskiedenis van Israel met die ware profete, die manne deur God Self daargestel, mense deur God geroep, mense deur God gestuur, maar hulle eie mense verwerp hulle, maak hulle dood as dit daarop aankom. Baie van hulle is gedood. Dit is so verskriklik wat gebeur het. Ja, vandag nog in baie van die lande gebeur daar verskriklike dinge met die kinders van die Here. Die aggressie waarmee God se roepstem doodgepraat kan word. Dit terwyl die Here se son ook oor sulke mense skyn, hulle deel in die reën, hulle is gesond. Eintlik is hierdie eiegeregtigheid en selfvoldaanheid van 'n mens wie sê Hy stel nie in die hoogste Koning se uitnodiging belang nie, nie meetbaar nie. Dit is so teenstrydig, dit is so 'n weerspreking van wat God met die mens wil afsprek.

Dit is moeilik om jouself groter arrogansie in te dink as juis hulle wat op God se land staan. Ja, die doel van die geskiedenis het ons Vrydag ook gesê is nie net om te wys op die dinge wat in die verlede gebeur het nie, maar die geskiedenis bring eintlik maar die dinge saam, dinge wat weer met ons kan gebeur. Ons het gewys op die weersprekinge en teenstrydighede en onwaarskynlikhede wat in die mens se lewe al so 'n groot rol gespeel het, maar ons hou nie op om onself weer en weer daaraan skuldig te maak nie. Wat is die kans dat die mens die hoogste Koning wat daar kan wees se uitnodiging sommer net so sal afwys, maar die onwaarskynlike gebeur in die gelykenis. Mense sê nêe, vir die Koning van die konings.

Terwyl dit alles aan die gang is, besef ons ook op hierdie dag van die Here se opstanding die geduld en die genade, die lankmoedigheid en die verdraagsaamheid wat God nog aan ons openbaar. God wat ons vrygemaak het, Jesus beteken ons vryheid, maar mense wil nie los as God roep nie. Nee, in die gelykenis roep die grond en my besigheid nog weer met 'n harder stem as God. Die woorde van Joh. 8:36 is altyd geldend... *Eers as die Seun julle vry maak sal julle werklik vry wees...* Hierdie vreemde bevryding, hierdie wonderlike uitnodiging kom hand aan hand. Soos God ons bevry, so word ons tegelyk na Hom uitgenooi. Dink maar net aan die bevryding wat Jesus Self bewerk het. Nog voor Jesus Homself van die graf bevry het, het Hy sovele ander bevry. Lammes wat weer kon opstaan, blindes is bevry van hulle blindheid, hoeveel siekes het Hy genees, Hy het mense selfs van die bose bevry, die demone uit hulle uitgedryf. Jesus beteken inderdaad vryheid, maar dan moet ons nie onself in dieselfde verband as Israel plaas nie, hulle ontvang die grootste vryheid wat daar kan wees,

Pretoria- 20 April 2014 (Paasnaweek- Opstanding)

maar juis hulle het die minste waardering, die minste waardering wat daar ook kan wees. Weereens teenstrydig, onwaarskynlik, dit is so 'n weerspreking. Hulle wat die meeste dankbaar moet wees oor vandag is baie keer die minste dankbaar...

\*\*\*

Wanneer die gelykenis sy laaste lyne trek, dan besef ons geliefdes, God se genade en God se bevryding het grense. Dit gaan oor in God se wraak. Die koning in die gelykenis word baie kwaad. Daar waar God diensknegte gestuur het om mense na Hom te nooi, nou gaan daar soldate uit om hierdie ondankbares te dood, hulle wat die dienaars van die koning, nog met sy uitnodiging gedood het. Die oorspronklike genooies was die uitnodiging nie werd nie. Geliefdes en dit is waar ons waarlik die les nie net van hierdie gelykenis maat raaksien nie, maar ons moet die les van die geskiedenis ook raakleer. 40 jaar na Christus hierdie gelykenis vertel, so in die geheel 70nC toe is Jerusalem met die grond gelykgemaak. Platgevee, maar tot vandag sal die Jode ontken, dat Jerusalem verwoes is oor hulle die Messias wat Jesus is nie erken het nie.

\*\*\*

Ons wat Hom vandag erken, ons wat Hom vanoggend eer omdat Hy uit die dood opgestaan het, broeder en suster, laat ons Hom altyd voor ons wil sien. Hy wil en Hy moet ons Leidsman wees. Sonder Hom kan daar niks goed wees nie. Na sy opstanding moet ons in sy spore volg. Dit is so 'n groot voorreg, as ons op die einde besef daar was steeds 'n groot bruilofsaal en u en ek kan daarin. Die bruilofsaal het nie verander nie, maar die mense wat daar kon in, het verander.... Ons wat nie Jode is nie, ons is gaan haal waar ons vêr verdwaal was, waar daar vir ons geen Messias kon wees nie, het Hy die Messias vir ons sy lewe ingebring. In sy bruilofsaal het Hy vir ons die bruilofskleed aangetrek. Ons kan nie daar ingaan, soos wat ons in onself is en soos ons in onself lyk nie. Ons eie klere moet uit, Hy moet ons beklee. Dit alles nadat ons niks kon doen nie. Die Heilige Gees is nou nog die Een wat die roepstem is van Hom wat die goeie Gasheer is. Ja, Psalm 23 se Gasheer bring vir ons die tafel in gereedheid, Hy maak ons beker vol... ons beker loop oor.

Dit beleef ons by elke Nagmaal want ons moet elke Nagmaal ook sien as 'n preek, elke Nagmaal verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom, so staan dit in ons formulier. Christus is nou nog besig om die bruilofsaal uit alles volke, nasies, tale en lande vol te maak. Die Heilige Gees gee nog altyd die beweging en die krag om by hierdie fees, hierdie bruilof uit te kom. Dit maak dat ons kerk-wees 'n fees van die Gees moet wees.

Die belangrike eindpunt van hierdie drie gelykenisse wys ons op een wat ook daardie saal ingekom het, maar hy het gedink hy doen sy Gasheer 'n guns om daar in te kom. Die Gasheer is oor hom verleë, daarom het hy dit nie nodig geag om die bruiufskleed aan te trek nie. In ons mense se lewens wil ons baie keer onself verbeel, God moet my nou maar aanvaar soos ek is, ek sal nie verander nie. Broeder en suster, dis die fout van die dood om so te dink. So een mis die lewe! As ek dink, God moet maar met my harde hart, hardkoppige verstand en traak my nieagtige diens tevrede wees, geliefdes dan het ons nog ons kleed van die straat nie uitgetrek nie. Die kleed van toe ons genooi was, daardie kleed moet uit, want die kleed van ons binnekoms, is wit, is rein, is geheilig en gereinig in die bloed van Christus. Dit is wat ons moet aantrek.

Wanneer ons hierdie drie gelykenisse nou weer saambring, die ja / nee mens, dan besef ons die Jode het aanvanklik ja gesê, lank terug toe hulle in Abraham al genooi was, toe was dit ja, maar toe die ware Man van God, die Een baie groter as Abraham daar is, toe sê hulle NEE,! Met die tweede gelykenis sien ons waarlik hoe die weerstand is, dis eintlik 'n haat, dit loop uit op die dood van die Een wat die lewe moet wees. Hulle het die Seun van God gekruisig. Dit het ons Vrydag herdenk. Vanoggend het ons 'n bruiufsaal kon instap, ons het die dood nie geruik nie, maar die lewe, want Hy wat dood was, Hy lewe. Sy bruiufsaal word nog net voller en voller. Hy hou nie op om te roep nie, veral nie na sy dood in wat nou sy lewe is nie. Die punt is, ons moet luister, ons moet die bruiufskleed wil aantrek, want ons is nie meer waar God ons moes gaan haal nie, ons is nou sy kinders, want ons glo Hy het opgestaan, Hy lewe. Sy redding, sy genade, sy liefde is genoeg dat die teenstrydighede, die weersprekinge en die onwaarskynlikhede tog uit ons elkeen se lewe mag verdwyn!

AMEN